Kempie Klets

Uitgawe 5: 18 Maart 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Hier staan ons reeds aan die einde van die eerste kwartaal. 'n Skool is in diens van sy gemeenskap en het dus die verantwoordelikheid om sensitief en in voeling te wees met wat die behoeftes van die gemeenskap is en die skool sodanig te bestuur. Dit is dus vir my belangrik om kommentaar en voorstelle van u te ontvang om by bogenoemde uit te kom. Hierdie uitnodiging bly van krag.

Die Paasnaweek val binne die vakansie en dit is vir ons as Christene 'n besondere naweek van nadenke en stilword. Mag u te midde van die vakansie-atmosfeer en baie gebeure gedurende hierdie tyd, tog tyd vind om die gebeure van bykans 2 000 jaar gelede in herinnering te roep. Mag u 'n geseënde Paasnaweek beleef.

Verkeer voor die skool

Daar gaan waarskynlik weer 'n skrywe van 'n Engelse dame in die Kempton Express wees oor die opeenhoping van die verkeer voor die skool. Sal u asseblief te alle tye wakker wees, bedagsaam wees, en stadig kwaad word as dit nie gaan soos u dit wil hê nie. Ons het deur die genade nog nooit 'n ernstige ongeluk voor die skool gehad nie, maar wil dit graag so hou. Dit is ons almal se kinders wat hier skoolgaan en ons wil graag elkeen se veiligheid verseker. U hulp in hierdie verband is noodsaaklik.

Admin dame op vroeë pensioen.

Me Elize de Bruyn, wat kassiere/tikster was in die kantoor, het te kenne gegee dat sy vroeër wil klaarmaak by die Kempies. Sy was baie geliefd onder die personeel en het mooi met ons kinders gewerk. Ons gun haar die vervroegde rus saam met Louis.

Nu Power/Tuks Reeks

Dankie vir die mooi ondersteuning wat ons op Klerksdorp geniet het. Dit was aangenaam om so baie van die ouers daar te sien. Eerskomende Saterdag is Monument hier en volgende Donderdag (25 Maart) is ons die gashere vir Jeugland. Beide hierdie wedstryde beloof harde, maar goeie kompetisie op te lewer. U ondersteuning is vir ons en die kinders belangrik. Onthou ook dat stylvolheid langs die sportveld nie gekoop word nie, maar dat dit 'n stukkie kwaliteit is wat ons net kan uitstraal. Ondersteuning en aanmoediging is noodsaaklik, maar dit is nooit ten koste van iemand anders nie. Sterkte aan elke sportman en vrou – maak ons trots op die manier waarop ons die Kempies se kleure dra.

Atletiek atlete na SA's

Baie geluk aan 15 van ons atlete wat ingesluit is in die Gauteng span wat aan die SA kampioenskappe in die vakansie gaan deelneem. Dit is 'n droom wat vir ons kinders waar word. Mag jy die vrugte pluk van ure se werk wat jy ingesit het.

Geluk ook aan Pieter Wilders wat in die SA landloop span ingesluit is wat aanstaande week na Europa vertrek vir die internasionale kompetisie. Ons bid dat dit met jou baie goed sal gaan.

Ten slotte

Ons herinner u aan die sluitingstyd van die skool in die tweede kwartaal. Met die kort middag sluit ons elke dag om 14:00.

Groetnis van huis tot huis en ons volgende Kempie Klets verskyn weer 22 April.

Roelof Burger
(Skoolhoof)

Wintersport is aan die gang!

Die Kempies se uitslae teen Hoërskool Klerksdorp in die Nupowerreeks was as volg:

RUGBY		
O/14C	wen	45-0
O/14B	wen	12-7
O/14A	wen	27-15
O/15B	gelyk	0-0
O/15A	wen	20-10
O/16B	wen	14-7
O/16A	wen	13-6
4de	wen	45-0
3de	gelyk	12-12
2de	verloor	5-11
1ste	wen	37-24

NETBAL		
O/14B	wen	20-9
O/14A	verloor	9-18
O/15B	wen	18-14
O/15A	verloor	8-10
O/16B	wen	24-7
O/16A	wen	16-9
O/17A	verloor	24-7
2de	verloor	11-13
1ste	wen	23-13

HOKKIE		
Dogters		
O/14	gelyk	0-0
O/15	wen	5-1
O/16	wen	5-1
2de	gelyk	2-2
1ste	verloor	0-2
Seuns:		
O/14	verloor	2-5
1ste	wen	3-2

ANDER UITSLAE . . .

Landloop

Die Kempie se landloopatlete het die afgelope week in Witrivier deelgeneem en veral puik gevaar in die aflosafdeling. 6 spanne met 4 atlete elk het aan die 1,6km afloswedloop deelgeneem en algeheel 'n tweede plek behaal.
Pieter Wilders is ingesluit in die Suid-Afrikaanse span. Hy neem op 28 Maart in Bydgoszcz, Poland aan die World Cross Country Championships deel.

Stoei

Twee Kempies is ingesluit in die span wat in Egipte gaan deelneem aan die Afrika kwalifiserende FILA toernooi vir die Jeug Olimpiese spele. Hulle is JJ Murray wat in die O/69 kg GR afdeling deelneem en Johannes Redelinghuys wat ID die O/76kg Vrystyl afdeling deelneem.

Muurbal

Kempies 1 wen teen St Dominics 18-1
Kempies 2 verloor teen Springs Boys High 2-18

BAIE DANKIE

Die O/19 Aflosspanne wil net graag hul borge bedank vir hul klere:

- Super CD
- Medicros—dr. Coetzer
- Med-Acres Apteek

ATLETIEK

GAUTENG SKOLE UITSLAE HS Kempton Park

Besondere prestasies

1 Chanelle Potgieter 0/15D 400m 55,82 1085
(Verbeter Gauteng rekord en SA Skole rekord)

1ste plekke

1	**Sanmarie Malan**	0/19D	100m	12,04	Gauteng Span	930	1
2	Tiaan Jacobs	0/15S	400m	50,57	Gauteng Span	985	
3	**Chanelle Potgieter**	0/15D	400m	55,82	Gauteng Span	1085	2
4	**Tiaan Jacobs**	0/15S	800m	1,57.12	Gauteng Span	1160	3
5	**Monique Stander**	0/15D	1500m	4,41.22	Gauteng Span	1000	4
6	**Chrizaan Markram**	0/15D	90mH	13,26	Gauteng Span	940	5
7	**Kevin Hinton**	0/15S	300mH	39,22	Gauteng Span	950	6
8	**Susan Malan**	0/17D	GS	11,29m	Gauteng Span	785	7
9	**Yolandi Marie Bothma**	0/19D	GS	12,30	Gauteng Span	755	8

2de plekke

1	**Dean Visser**	0/19S	100m	11,03	Gauteng Span	865	9
		Uitdun	200m	(22,22)		860	
2	Monique Stander	0/15D	800m	2,14.08	Gauteng Span	1025	
3	**Doricia le Roux**	0/17D	800m	2,16.84	Gauteng Span	940	10
4	**Anneke Gildenhuys**	0/19D	3000m	10,49.4	Gauteng Span		11
5	Anneke Gildenhuys	0/19D	1500m	4,48,32	Gauteng Span		
6	Chrizaan Markram	0/15D	300mH	44,31	Gauteng Span	980	
7	Sanmarie Malan	0/19D	200m	25,66	Gauteng Span		

3de plekke

1	Chanelle Potgieter	0/15D	200m	25,08	Gauteng Span	1010	
2	**Izelle Vrey**	0/17D	VS	5,45m		875	14
3	**Chantelle Jv Rensburg**	0/17D	HS	1,55m		855	15
4	Chanelle Potgieter	0/15D	HS	1,54m		895	
5	**Gerhaldine Duvenage**	0/15D	GS	10,86m	Gauteng Span	770	12
6	**Bianca Bezuidenhout**	0/15D	SG	32,58m	Gauteng Span	780	13

Atlete 1-15 (Bold) gaan aan die S.A. Kampioenskappe in Sasolburg deelneem.

RUGBY O/15 FONDSINSAMELINGS

Kom ondersteun die O/15 A rugbyseuns
Dinsdag 23 Maart by die Chatoga Spur
h.v. Monument en Dannweg vanaf 18:00

'N VRIENDELIKE UITNODIGING AAN ALMAL VIR ONS JAARLIKSE DERBY TEEN JEUGLAND
DONDERDAG 25 MAART 2010
HOOP ONS SIEN ALMAL DAAR! !

Musiekakademie

Die musiekakademie van Hoërskool Kempton Park funksioneer reeds vir 'n paar jaar en 'n waardevolle bydrae op kultuurgebied word aan die gemeenskap in en om Kempton Park gelewer.

Die volgende instrumente word aangebied: klavier, viool, tjello, individuele sang, kitaar, klawerbord.

Daar word ook aan eksterne eksaminering en kunswedstryde deelgeneem.

Voorskoolse tot volwasse leerlinge word toegelaat.

Vir enige navrae skakel Me Senekal by 011 972-5061(h)/079 516 8908(s) of by die skool 011 970-2102.

KOOR

Die Kempie-koor het Maandag 15 Maart hul eerste optrede gehad. Die Koor het die harte van die inwoners van Herfsland gaan steel. Wat n ongelooflike ervaring was dit nie om die blydskap en dankbaarheid op hulle gesigte te sien! Geluk Kempie-koor, julle het Jesus se hande en voete geword!

Die Kempie-koor bied 'n koorfees op 17 April in ons skoolsaal aan. Kore van skole in Pretoria en die Oosrand kom vir ons kuier!
Kom geniet 'n aand van feestelike koormusiek. Kaartjies sal teen R30p.p by die deure beskikbaar wees!

Sien jou daar!

Uit die Finansie Kantoor

Skoolgeldrekeninge is vandag (Do 18 Maart) uitgedeel a.g.v. die skool wat 26 Maart sluit. Betaling kan direk by ABSA gemaak word voor of op 7 April. Bankbesonderhede verskyn op die rekening.

ALLE ouers wat nog nie volgens Artikel 39 vir gedeeltelike vrystelling aansoek gedoen het nie, moet Michelle Smith dringend kontak om onnodige probleme te vermy. Dié aansoeke **moet** jaarliks hernu word.

U vriendelike samewerking word opreg waardeer.

REDENAARS

Uitslae van die Spraak-en Dramagilde van 4 Maart 2010
Individuele spreker:
Hanro Jv Rensburg 87%
Spanredenaars:
Graad 9: Span 1 (80%)
Span 2 (79%)
Graad 10: Span 1 (90%)
Span 2 (76%)
Graad 11: Span 1 (94%)
Span 2 (91%)
Graad 12: Span 1 (97%)
Span 2 (96.3%)
Forum span: (92%)

Geluk aan Ruvan,Armand, Geraldi en Rose-Marie (Gr.12 span 1) wat dan ook die wenners van hul graadgroep was.

Dankie aan al die afrigters vir al julle moeite en laatnag rondry.

Dankie, aan die ouers wat hul kinders positief ondersteun.

Interne Redenaars
Die volgende leerlinge gaan deur na die 1ste rondte van die ATKV die 16de April 2010

JUNIORS:

1ste	Celeste Jonker	86%
2de	Jacques Venter	84%
3de	Ruan de Witt	83%
4de	Niel du Plessis	82%
5de	Andria Botha	81%

Beste Onvoorbereide Toespraak:
Celeste Jonker

SENIORS:

1ste	Hanro Jv Renburg	87%
	Geraldi Spurling	87%
2de	Veruschka Theron	86%
3de	Chené Stoffberg	85,5%
4de	Armand Algera	85%
5de	Carike Jacobs	84.5%

Beste Onvoorbereide Toespraak:
Veruschka Theron 90%
Hanro Jv Rensburg 90%

INTERNASIONALE KOORKOMPETISIE – 30 MAART 2010

30 Kempies vertrek op 23 Maart saam met die Oos Rand Jeugkoor om deel te neem aan die koorkompetisie in Milaan, Italië. Benewens die kompetisie is die koor ook deel van die openingseremonie waar hulle ook 2 Afrika werke gaan voordra.

Die koor keer op 7 April terug na Suid-Afrika!

Bon voyage aan die koor en in besonder die 30 Kempies!
Ons hou duim vas dat julle met die louere sal wegstap!!!!

Locca

LOCCA SLUITKASSIES

Belangrike kennisgewing –
Die sluitkassie pryse is drasties verlaag.

LOCCA aangepaste pryse vir 2010:

"Normal"	R730.00 vir res van jaar of R280.00 per termyn
"Sport"	R790.00 vir res van jaar of R300.00 per termyn
"Large"	R1090.00 vir res van jaar.

Wat maak LOCCA so besonders?

- Jy gebruik nie 'n slot en kan nie jou sleutel verloor nie: LOCCA het 'n gesofistikeerde kombinasieslot (presies dieselfde slotte as wat in Amerika gebruik word is nou by Kempies)
- Locca sluitkassiedeure is gemaak van 2mm staal; dus 'n baie veilige opsie
- Die Locca sluitkassies is gerieflik en sentraal op die plein geleë
- Sporttoerusting **EN** boeke pas maklik in 'n sluitkassie.
- Groottes verskil en is ontwerp vir verskillende sportsoorte – selfs kriekettoerusting pas maklik in.

Daar is tans minder as 100 van hierdie sluitkaste beskikbaar. Aansoekvorms is by Me Doman beskikbaar. Navrae kan ook gerig word aan locca@locca.co.za

Gesinspitkos

Hondjies te koop

Die eienaar van 'n troeteldierwinkel het 'n plakkaat in die venster gesit, waarop staan : Hondjies te koop. Plakkate soos die dien altyd as magnete vir kinders. Kort daarna het 'n klein seuntjie by die winkel ingekom en gevra: " Hoeveel kos die hondjies?" Die eienaar het hom geantwoord: " Tussen R30 en R60."

Die seuntjie het in sy sakke gegrawe en eindelik gesê dat hy slegs R5.65 het en gevra om na die hondjies te kyk. Die eienaar het die hok oopgemaak en al die hondjies, behalwe een het na die seuntjie aangehardloop gekom. Onmiddellik het die seuntjie gevra, "Wat is fout met daardie een?"

Die eienaar het verduidelik dat die veearts hom ondersoek het en hulle het uitgevind dat die hondjie sonder 'n heupbeen gebore is en sou altyd kruppel wees. Die seuntjie het opgewonde uitgeroep: "Dit is die hondjie wat ek gaan koop!"

Die eienaar het aangedui dat hy nie geld vir die hondjie wil hê nie, hy kan hom maar verniet kry. Die seuntjie het aangedui dat die hondjie net soveel werd is as al die ander hondjies en dat hy vir die hondjie wil betaal. Die seuntjie het daarop aangedring dat hy nou sy R5.65 vir die hondjie sal betaal en die res sal afbetaal soos hy die geld kry.

Die eienaar was teen die tyd geïrriteerd en het gesê: "Jy kan nie vir hierdie hondjie betaal nie. Hy sal nooit soos die ander hondjies kan spring, hardloop en speel nie." Soos hy praat, het die seuntjie sy broek opgerol en die eienaar het gesien dat hy 'n kunsledemaat het. Die seuntjie het saggies aangedui: " Ek hardloop nie so goed nie en hierdie klein hondjie het iemand nodig wat hom verstaan."

Ons almal het iemand nodig wat ons verstaan. Kom ons wees hierdie week daardie iemand vir ons kinders, vriende en al ons geliefdes.

GLAMOROUS ROOFING CC
Industrial & Domestic Roofing Contractors
Roofing Done Right First Time, On Time

Attie Lamprecht
011 789 9790
083 535 4881
083 755 3929

glamorousroofing@mweb.co.za
www.glamorousroofing.co.za

- Industrial & Domestic Roofing
- All types of Ceilings
- All types of Roof Repairs
- Fascia Boards
- Specialised in new and Repairing of Slate & Tile Roofs
- Roof Painting
- Waterproofing
- Guttering

Annique verspreider /distributor

Hermie Bekker
084 614 8122

ROOIBOS - Velsorg en skoonheid/ Health and skincare.

New @Annique: Bo- Serum - Facelift in a bottle

Prevent cancer and heart disease with Super Rooibos.
1 Capsule = antioxidants of 6 cups of rooibos.

Create your own workplace & income and join Network marketing!

WEIGH-LESS
The best time to lose weight is NOW
The best way to do it is the WEIGH-LESS way.
For more information contact the Kempton Park Team Leader:
Charmaine Botha: 011 362 2636 or 082 875 6729

E Mail: s2115@weigh-less.co.za.

Monré Electrical Supplies
011 972 8690
213 Monument Rd

Visit us for all your electrical material.
Globes, Plugs, Switches, Cable, House wiring,
Earth Leakages, Circuit Breakers,
15% Discount on all
Abb & Lear Products. Till end of April

Contractors Welcome.

SUPERMODEL
HOLIDAY CAMP 4 GIRLS!
011 918 1289
33 Lakefield Ave, Lakefield, Benoni



2 Days filled with :
Professional Make-up & Modelling Classes.
Fashion show
Ramp & Studio Photoshoot
Professional Modelling Photoshoot
10 image mini portfolio of images on CD
Lunches included.
9:00am - 15:00
Limited space available, book now!

OP SOEK . . .

Ek is soek na 'n AU PAIR. Afrikaanssprekend met eie vervoer.
Kontak Louretta by
083 440 0407.

Op soek na 'n tuinwoonstel.
Kontak Michelle Miles
082 357 5483

Op soek na "n "7-seater" om te koop. Moet nog in goeie kondisie en betroubaar wees.

Kontak JP Smith 082 492 4111

Manuel Escórcio

9 April 2010
Kempton Park Civic Centre
Kaartjie te koop by skool
Fondse ten bate van
HOUSE OF HADASSAH

GEBEDSGROEP

Ons bid nog steeds op die 1ste en 3de Donderdag van elke maand om 9:30 in die raadsaal vir onderwysers, leerders en die skool.
Kontak vir Tertia by 083 5568781 vir meer inligting.